JAARVERSLAG AAN DIE LEDE VAN DIE SUID AFRIKAANSE VERENIGING VAN MUSIEK ONDERWYSERS PRETORIA 2011

Ek wil eerstens almal bedank vir die vertroue in my gestel om as voorsitter te dien vir die Pretoria sentrum van SAVMO en dadelik byvoeg dat ek dit nie kon doen sonder die ondersteuning en hulp van die komitee lede wat elkeen op haar besondere manier my bygestaan het.

Ons tak wil poog om ‘n wesentlike bydrae te maak tot die musiekopvoeding en verryking van ons onderwysers en leerlinge. So het ons dan gereelde leerlingkonserte aangebied wat die leerlinge die geleentheid bied om op ‘n gemaklike en informele platform op te tree. Dit dien as ‘n goeie inspirasie vir jonger leerlinge en as ‘n goeie voorbereiding vir eksamens en kompetisies.

Tydens die nasionale SAVMO konferensie kon ons onderwysers weer put uit die kennis van ervare musici. Marie Gaerdes, Elma Britz, Marietjie Hesse, Gisela Scriba en Ewald Hesse het die Pretoria sentrum verteenwoordig by die konferensie in Durban, waar klavieronderwys hierdie jaar breedvoerig bespreek is. Verskeie werkswinkels en sake rakende die besigheids aspek van die klavieronderwyser, het van hierdie goed ge-organiseerde konferensie, ‘n sukses gemaak.

Die Pretoria sentrum se konvensie op 21 Maart 2011 was ‘n bron van inspirasie vir menige jong onderwyser. Ons is dank verskuldig aan Laerskool Skuilkrans wat hulle fasiliteite gereeld aan ons beskikbaar stel. Marietjie Hesse het gesorg vir ‘n goed ge-organiseerde dag met sprekers wat ons almal met hul kennis verryk het. Marina Mentz het ‘n koor werkswinkel aangebied en Dr Berta le Roux het probleme van musiekonderrig in die 21ste eeu bespreek. Dr Pat Michels het die belangrikheid van vroeë gehoorontwikkeling bespreek, waarna Elma Britz op ‘n baie positiewe noot afgesluit het met verwysing na Ben Zander se “Art of possibility”.

Ons groot projek elke jaar bly egter steeds die Eisteddfod wat uit 14 afdelings bestaan en deur Louise Labuschagne en Marie Gaerdes ge-organiseer word, tesame met 15 afdeling organiseerders. Louise het ondanks moeilike omstandighede hierdie jaar, haar uitmuntend van haar taak gekwyt waarvoor ons haar baie dank verskuldig is. Ons wil daarom ook poog om aanstaande jaar deeltydse hulp vir haar beskikbaar te stel vanaf middel Februarie tot einde Mei.

Die Eisteddfod is ‘n goeie leerskool vir menige leerling en onderwyser. Ons was bevoorreg gewees om bv. Prof Joseph Stanford as beoordeelaar te hê by die klavier afdeling, waar elke

leerling as't ware 'n kort meestersklas gekry het na elke optrede. Dit was net jammer dat daar so min onderwysers was wat kon put uit die geleentheid.

Die ATKV het onderneem om betrokke te raak by die volgende Eisteddfod en sal o.a. help met reklame. Nog borge sal egter gevind moet word en fonds insamelings gehou moet word ten einde oorhoofse kostes te delg. 'n Konsert met Charl du Plessis en afhangend van fondse, mede kunstenaars, is in die beplanning vir aanstaande jaar.

Die sentrum is baie opgewonde om vandag die volgende nuwe lede te verwelkom:

Valerie Hohls

Daniel Verster

Deirdre Blignaut

Tessa Rhoodie

Sue Rorke

Hanlie Stapela

Karin Groenewald

Hannalie Claassen

Johanna Roos

Hentus van Rooyen (verskoning aangebied)

Gerhard Rademeyer

Tessa Olivier

Joan Sonnekus (verskoning aangebied)

'n Gesonde groei in lede getalle is krities vir die handhawing en bevordering van goeie musiek standaarde. Mag julle 'n lang en gelukkige verbintenis met SAVMO hê en ons almal poog om blinkoog leerlinge huis toe te stuur, vol entoesiasme en 'n positiewe gesindheid jeens musiek.

Sanet Botha